# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

22 Februarie 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens

### Mag jy kom saam reis hierdie Lydenstyd @ Hoogland

Mag jy sommer tuis voel in die Hoogland Geloofsfamilie – ons is 'n gemeente met warm harte wat omgee vir mekaar en vir elke besoeker.
Die leraar(s) sien ook daarna uit om jou te ontmoet; kom maak asseblief intussen kennis ná afloop van die erediens by die Gemeentedienste-dame in die Voorportaal (die tafel by die Hoofingang).

Besoek ook Hoogland se webblad www.pehoogland.co.za of kontak Annalize in die kerkkantoor sodat ons kan kennis maak.



## Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 GVG Groot Groepbyeenkoms in die Saal

*Deurkollekte: MTR Smit*
*(...huisves ongeveer 80 kwesbare kinders na verwaarlosing, mishandeling en/of verlating)*

## Algemeen

### Program vir die week:

Dinsdag: 23 Februarie
11:00 Gebedsaksie & Bybelstudie
18:30 Kerkraadsvergadering

Woensdag: 25 Februarie
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 27 Februarie
05:15 Mannebediening

### Dankoffers:

Jou dankoffer help om geloof te leef, liefde te wys en hoop te bring.

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Ds Sunell is van 23 - 27 Februarie op 'n VBO kursus in Gouritsmond.
Kontak gerus ds Pieter of die kerk-kantoor vir pastorale ondersteuning.




**MIGHTY MEN : MANNEONTBYT**
**Saterdag, 7 Maart | 09:00**
**@ Hoogland**

Hoogland se manne – hierdie oggend is **vir JÓÚ en** ook vir elke man wat hunker na méér: méér diepte, méér betekenis, méér krag vir die pad vorentoe.

Kom geniet 'n **heerlike ontbyt**, hoor **kragtige getuienisse** en raak deel van **opregte *praise & worship***.

**Kaartjies:** R65 (kontant)
- By die kerkkantoor
- Of by Eugene: 082 378 3839

**Navrae:** Gesels gerus met Leandra.

Kom sit net in "stilte" by my
tussen die gebreekte skerwe van my lewe
Net vir 'n oomblik wanneer ek my "hart"
se seer voor jou kom uitpak
Kom luister net ... sonder vrae ... sonder
verwyte ...
sonder maklike antwoorde
Laat my toe "om net te wees"
kwaad te wees ... broos te wees ...
bang te wees ... eg te wees ...
Om al my maskers af te haal
Die hoë mure om my vir 'n oomblik
stukkie vir stukkie te laat verbrokkel

Kan my seer vir 'n oomblik
net jou seer ook word
My trane vir 'n oomblik
ook jou oë laat blink
Kan jy my help om al my "vrese" en "vrae"
saam tot voor God se voete te dra
Kan ek vir 'n oomblik net stukkend ... bang en
rou wees
in die teenwoordigheid van Sy volmaakte liefde
Kan jou "stille teenwoordigheid" net vir 'n
oomblik sê
... ek verstaan
... ek is soms net so bang soos jy
... my hart het ook al in duisende skerwe gelê
... die donker was ook al pikgietswart om my
... my gebede het ook al soms leeg gevoel
... my woorde ook al opgedroog

GOD het my ook al hiér kom optel ... !!

7 Kruike (Esmé Sonnekus)

## Biddag vir Trauma & Verlies

Trauma en verlies raak almal — soms sigbaar, dikwels stil en diep binne. Sondag is Biddag vir Trauma & Verlies. Hoogland se Gebedsaksie nooi enige een uit na 'n eenvoudige, rustige gebedsoomblik saam met iemand wat deur trauma of verlies geraak is.

Enige persoon is baie welkom om ná afloop van die erediens die Gebedsaksie vóór in die kerk te ontmoet. Daar sal mense wees wat graag saam met jou sal stil word en bid. Jy hoef niks te verduidelik nie — kom net soos jy is.

Gebedsversoeke kan ook vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325.
Die Gebedsaksie ontmoet elke **Dinsdagoggend om 11:00 in die Kapel** en almal is altyd welkom om deel te wees.

Jy kan ook aansluit by die *WhatsApp*-gebedsgroep — stuur net GEBED saam met jou naam en van na 079 815 9325.

Die kaartjies vlieg nou behoorlik! Dit is jaarliks 'n musikale Hoogland hoogtepunt, wat jy nie wil misloop nie.

Kaartjies is R80:

- Aanlyn op Quicket
- By die Kerkkantoor of Sondag by Gemeentedienste

# HOOGLAND KOORFEES

**DONDERDAG, 23 APRIL 2026**
**18:30**

**VENUE:**
**NGK PE HOOGLAND**

# Uit die hart … VERDIEP - die krag van die kruis

Lydenstyd is nie net nog 'n seisoen op die kerkkalender nie. Dit is 'n uitnodiging. 'n Uitnodiging om stadiger saam met Jesus te stap. Om 'n bietjie langer te kyk. Om toe te laat dat geloof nie net iets is wat ons weet nie, maar iets wat ons werklik beleef.

Ons Lydensreis het begin by 'n besluit. Jesus wie sy gesig vasgestel het op Jerusalem. Nie halfpad nie. Nie met huiwering nie, maar doelbewus. Vas. Gerig. Lydenstyd begin by oë wat weet waarheen hulle kyk.

Aswoensdag het ons stilgestaan by iets wat ons almal deel: ons broosheid. *"Stof is jy,"* herinner die Skrif ons. Ons is afhanklik. Ons kan nie hierdie pad uit eie krag loop nie. Lydenstyd vra eerlikheid  om te erken dat ons God nodig het. Nie as 'n laaste uitweg nie, maar as ons eerste asem.

Vanoggend kom ons by die kruis.

Vir die wêreld lyk die kruis soos swakheid. Dit klink soos dwaasheid. Dit voel soos 'n mislukking. Tog, is dit juis dáár wat alles omgekeer word. Juis daar het God gewys wat ware krag werklik is.

Martin Luther het dit só gestel:

*"God does not save us by strength, but by weakness; not by glory,*

*but by suffering."*

Dit is die vreemde waarheid van die evangelie: God red nie deur indrukwekkende vertoon van mag nie, maar deur oorgawe. Nie deur oorheersing nie, maar deur liefde wat bereid is om te ly.

> Wat as dit wat vir jou soos verlies voel, eintlik die plek is waar God besig is om te werk?
>
> Wat as die kruis nie net 'n simbool is nie, maar die plek waar genade begin asemhaal?

Miskien hoef ons nie alles te verstaan nie. Miskien word ons net genooi om weer te kyk. Om ons eie swakheid nie weg te steek nie, maar dit in God se hande te plaas. Dikwels is dit presies daar waar ons voel ons het nie meer krag nie, dat Sy krag stil en seker begin werk.

Lydenstyd herinner ons: wat vir die wêreld soos dwaasheid lyk, is vir God die begin van verlossing en miskien is dit presies juis daar waar ons nou genooi word om dieper te kyk.

Sunell